




viva

Woordverhoudings in Afrikaans

Woorde staan in 'n sekere verhouding tot mekaar. As ons meer hieroor leer, verstaan ons beter waarom taal op 'n sekere manier gebruik word. Ons onderskei die volgende woordverhoudings. Kyk ook na die prentjies wat elkeen toelig.

- **Homonieme:** toevallig dieselfde klankvorm en spellingvorm + betekenis verskil, bv. *leer* en *leer*
- **Homofone:** dieselfde klankvorm + spellingvorm verskil + betekenis verskil + herkoms verskil, bv. *lid* en *lit*
- **Homograwe:** dieselfde spellingvorm + klankvorm verskil + betekenis verskil + herkoms verskil, bv. *roman* en *roman*
- **Poliseme:** een woord met verskillende, maar verwante betekenisse, bv. *arm* en *arm* (gryporgaan van sommige diere)
- **Antonieme:** = klankvorm en spellingvorm verskil + teenoorgestelde betekenisse, bv. *hartseer* en *bly*
- **Sinonieme:** = klankvorm en spellingvorm verskil + twee woorde verwys na dieselfde entiteit + kan mekaar somtyds vervang, sodat dieselfde betekenis gekommunikeer word, bv. *vreugde* en *blydskap*
- **Paronieme:** dieselfde stam + verskillende voor- en/of agtervoegsels + betekenis verskil, *beoordeel* en *veroordeel*
- **Doeblette:** dieselfde herkoms + vorm verskil + betekenis verskil, bv. *prakseer* en *praktiseer*





Homonieme

Soms kom ons woorde teë wat toevallig *dieselfde klankvorm en spellingvorm* het, maar hulle betekenis is glad nie dieselfde nie. Hulle is daarom *afsonderlike woorde* (lemmas/trefwoorde) in woordeboeke. Sulke woorde word **“homonieme”** genoem.

- Die **lig** brand helder.
- Die **pakkie** is **lig**.



Hoe gebeur dit dat woorde se klankvorm en spellingvorm toevallig ooreenstem?

- Soms kry ons 'n woord by 'n ander taal (bv. **ader** wat dui op 'n buis in die liggaam waardeur die bloed terug na die hart vloei), maar ons gaan verander aan die uitspraak van daardie woord (bv. [aadihr] verander na [aar]). Die spelling van die woord word dan ook aangepas om te pas by die klankvorm (bv. **aar**). So stem die klankvorm en spellingvorm van hierdie **aar** met 'n ander **aar** (deel van 'n plant met saad en korrels) ooreen. En so kry ons twee woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat heel verskillende betekenis het.
- Soms kry ons woorde uit verskillende tale wat dieselfde klink, maar waarvan die betekenis verskillend is. Omdat hulle klankvorm dieselfde is, spel ons hulle ook dieselfde. Byvoorbeeld (i) die Franse **coral** met die betekenis 'ronde voorwerpe wat 'n mens kan inryg' en die Portugese **curral** met die betekenis 'omheining waarbinne vee aangehou word' is eendersklinkend, en daarom spel ons hulle dieselfde: **kraal**.



viva

Homofone

Party woorde word eenders uitgespreek (d.w.s. hulle het dieselfde klankvorm), maar hulle spellingvorm verskil, én hulle betekenis verskil. In baie gevalle verskil die herkoms van hierdie woorde. Sulke woorde word “homofone” genoem.

- Dit staan op bladsy **vier**.
- Die mans kyk die kamera **fier** en vreesloos in die oog.




Die woord **vier** en **fier** voldoen outomaties aan hierdie kriteria.

- Hulle word eenders uitgespreek.
- Hulle spelling verskil egter: **vier** teenoor **fier**.
- Hulle betekenis verskil: Die woord **vier** dui op die syfer 4, terwyl die woord **fier** ‘met ’n trotse houding/ingesteldheid’ beteken.
- Hulle oorsprong verskil ook. Die woord **vier** kry ons by die Middelnederlandse **vier**, terwyl die woord **fier** ontleen word aan die Nederlandse **fier** wat weer teruggaan na die Franse **fier** wat ‘trots; flink’ beteken, waar hierdie woord weer ontleen word aan die Latynse **ferus** wat ‘wild, ongetem’ beteken.

Baie keer word woorde nie met getuile lippe uitgespreek nie, maar sonder lipronding, sodat hulle dieselfde klink. Sommige bronne dui aan dat sulke woordpare dan ook homofone is, byvoorbeeld **luier** (‘iemand wat lei’) × **luier** (‘stadig loop, terwyl die voertuig sitilstaan; niks doen; die vergrotende trap van **lui**’).



luier



ontronding vind plaas




leier



Homograwe

Homograwe het *dieselfde skrifvorm*, hoewel dit *verskil in betekenis, verskil in klankvorm (uitspraak)* en *verskil in oorsprong*. Die klankvorm wat verskil, is seker die eienskap waaraan 'n homograaf die maklikste uitgeken word. Omdat die spelling, maar nie die uitspraak daarvan nie, dieselfde is, word dit "homograwe" genoem, waar *-graaf* afgelei is van die Griekse *-graphos*, met die betekenis 'iets wat geskryf is'.

- *Ek onderwerp my aan u wil.* [Die klem is op die laaste lettergreep: *onderwérp*. Hierdie woord beteken 'instem om iemand, 'n stel reëls, ens. te gehoorsaam'.] 
- *Gister se onderwerp was vir my 'n uiters moeilike een.* [Die klem is op die eerste lettergreep: *ónderwerp*. Hierdie woord beteken 'dit waaroor gepraat/geskryf word'.] 
- *Haar roman Alle paaie lei deur die Strand het twee jaar gelede by Lapa verskyn.* [Die klem is op die laaste deel: *román*. Hierdie woord beteken "n lang storie wat geskryf word waarin 'n aantal verbandhoudende episodes behandel word'.]



- *Ashnet is heel waarskynlik deur 'n rooi roman gebyt.* [Die klem is op die eerste deel: *róman*. Hierdie woord beteken 'enig een van 'n paar harige spinnekopagtige diere'.]






viva

Hiponieme

Partykeer word woorde by ander woorde ingesluit. Dink maar aan die woord *appel*, *piesang* en *perske* wat by die woord *vrug* ingesluit word. Kom ons stel dit visueel voor:



In die geel blokkie het ons die **algemene woord**, en in die blokkies onder hom het ons **spesifieke woorde**. Baie keer sal die algemene woord by die inskrywing van 'n spesifieke woord in woordeboeke gebruik word, sodat ons die spesifieke woord beter kan verstaan. Byvoorbeeld: "'n **Dolfyn** is 'n baie intelligente, walvisagtige **seedier** met 'n lang grys skerppunt-snoet", waar *dolfyn* die spesifieke woord beter verstaan word met verwysing na die algemene woord *seedier*.

Hoekom gebruik ons algemene woorde (soos *vrug* en *seedier*) in plaas van die spesifieke woorde?

- Om verskeie spesifieke woorde saam te bondel
- Wanneer jy nie weet wat die spesifieke woord is nie



Poliseme

Soms kan ons 'n woord nie net op een saak toepas nie. Dink aan die woord *spel*.

- Dit kan verwys na 'n sport of 'n aktiwiteit waaraan mense deelneem (soos in *Tennis is 'n lekker spel*).
- Dit kan verwys na reëls (soos in *Ek is nie vertrouwd met die spel nie*).
- Dit kan verwys na 'n optrede (soos in *Sy spel in die opvoering was uitstekend*).

Hierdie verskillende betekenisse (ook genoem “betekenisonderskeidings” of “toepassingsmoontlikhede” van die woord *spel* is wel verskillend, maar hulle almal hou op 'n manier met mekaar verband. Hulle almal verwys na 'n **situasie waarin mense betrokke is**.

Ons kan daarom sê dat *spel* 'n **poliseem** is, want dit is 'n woord wat “poli-” of baie betekenisse het. Dit word in woordeboeke as net een woord met klomp verskillende betekenisonderskeidings daaronder aangedui. Kyk na die volgende illustrasie.


stoel

■ s.nw. [**stoele**; **stoeltjie**]

1 meubelstuk vir een persoon om op te sit

2 'n beampte wat in 'n gesagsposisie is

3 'n gedeelte van 'n plant met stronk en stingels, gewoonlik bogronds



Wat het al hierdie woorde gemeen? Hulle dui op iets wat verhewe is.



viva

Sinonieme

Sinonieme is woorde wat (a) na dieselfde saak (entiteit) verwys; en (b) mekaar somtyds kan vervang, sodat dieselfde betekenis gekommunikeer word. Hierdie verskynsel word “sinonimie” genoem, en die woorde wat aan hierdie twee kriteria voldoen, word “sinonieme” genoem.

Hoe stel ons vas of woorde sinonieme is? Kyk na hulle verskillende betekenis (betekenisonderskeidings) en die onderstreepte betekenis wat dieselfde is.

dun:

- 1 nie dik nie; vlak; smal; nou: **dun papier/pannekoeke/komberse.**
- 2 nie dig nie; yl; versprei: **Sy hare word dun.**
- 3 met min vaste stowwe; vloeibaar: **dun sop.**
- 4 van geringe digtheid: **die dun lug van die Hoëveld.**
- 5 met weinig volume: **'n dun stemmetjie.**
- 6 slank; maer: **'n dun meisietjie.**
- 7 honger: **Ek voel al dun.**
- 8 nie grondig/oortuigend nie: **Sy teorie/verskoning klink maar dun.**

slank:

- 1 maer/dun, regop, en in sekere mate lank, maar tog eweredig en sterk; skraal: **'n skoonheidskoningin met 'n slanke lyf.**



Sinonieme (vervolg)

Hierdie toets dui aan dat *dun* en *slank* na **dieselfde saak** verwys wanneer hulle die betekenis 'slank; maer' en 'maer/dun, regop, en in sekere mate lank, maar tog eweredig en sterk; skraal' uitdruk, want hulle albei verwys na iets wat nie dik is nie. Dit beteken dat hulle mekaar in hierdie situasies kan vervang sonder dat die betekenis van die sin verander.

- 'n *dun/slanke meisietjie*
- 'n *skoonheidskoningin met 'n slanke/dun lyfie*


Sulke sinonieme wat mekaar nie altyd kan vervang nie, word "gedeeltelike sinonieme" genoem. Ander kere wanneer ons na woordeboekdefinisiës van twee woorde kyk, sien ons dat hulle betekenis almal dieselfde is. Sulke sinonieme word "volkome sinonieme" genoem. Een so 'n voorbeeld is:

wenteltrap:

trap wat soos 'n spiraal boontoe lei; draaitrap

draaitrap:

spiraalvormige trap; wenteltrap



Nog sulke voorbeelde is: *femur* – *dybeen*; *geografie* – *aardrykskunde*; *inkubasie* – *broeityd*; *poësie* – *digkuns*

Die belangrikste ding om te onthou, is dat die gebruik van sinonieme ons in staat stel om woorde **af te wissel**, en hierdie afwisseling skep **variasie** en **vernuwing**.





viva

Antonieme

Wanneer ons dink aan antonieme, dink ons aan woorde wat **teenoorgestelde betekenisse** het, bv. *warm* x *koud* en *hoog* x *laag*.

Maar het jy geweet dat vir iets om teenoorgestelde betekenisse te hê, dit ook 'n **ooreenkoms(te)** moet hê?

- Die woord *warm* en *koud* beteken onderskeidelik 'met 'n taamlik hoë temperatuur' en 'met 'n lae temperatuur'. Omdat hulle teenoorgestelde betekenisse het, is hulle antonieme. Hulle kán antonieme wees, want daar is iets in albei se betekenis wat dieselfde is. Wat is dit? Die woord *temperatuur*!
- Net so beteken die woord *hoog* en *laag* onderskeidelik 'ver na bo gaan of ver bokant die grond wees' en 'naby die grond'. Omdat hulle teenoorgestelde betekenisse het, is hulle antonieme. Hoekom is hulle antonieme? Omdat hulle albei op die plek van iets dui.



Ons sal nie *bed* en *hond* as antonieme beskou nie, want daar is niks wat hierdie twee woorde gemeen het nie.



Twee woorde is antonieme
wanneer hulle
**teenoorgestelde
betekenisse** het, juis omdat
hulle **betekenisse gemeen**
het.






Antonieme

Ons kry verskillende soorte antonieme.

Gradeerbare antonieme is daardie antonieme (bv. *gelukkig* x *ongelukkig*) wat trappe van vergelyking kan kry (bv. *gelukkig* – *gelukkiger* – *die gelukkigste*; *ongelukkig* x *ongelukkiger* x *die ongelukkigste*), saam met graadwoorde soos *baie* gebruik kan word (bv. *baie gelukkig/ongelukkig*) en in vergelykende konstruksies (soos *gelukkiger/ongelukkiger as*) gebruik word. Gradeerbare antonieme verteenwoordig verskillende punte op 'n skaal.



Omkeerbare antonieme is daardie antonieme (soos *pa* x *seun*) wat omgekeer kan word. Byvoorbeeld, ons kan sê *Jan is Piet se pa, en Piet is Jan se seun*.

Komplementêre antonieme is daardie antonieme (bv. *getroud* x *ongetroud*) waar wanneer ons die een lid gebruik, dit lei tot die ontkenning van die ander lid. As ons sê iemand is getroud, beteken dit dat hulle nie ongetroud is nie. As jy lewe, beteken dit dat jy nie dood is nie.

Idiomatiese antonieme is daardie antonieme wat tradisioneel as teenoorgesteldes van mekaar beskou word, hoewel dit nie sin maak waarom dit so is nie, byvoorbeeld *tee* x *koffie*, *sout* x *peper*.

Dan kry ons ook **antonieme wat met plek** verband hou. Dit sluit antonieme in, soos *op* x *af*, *kom* x *gaan*, *arriveer* x *vertrek*.



Paronieme

Somtyds staan woorde in 'n bepaalde verhouding tot mekaar, omdat hulle van dieselfde stam afgelei is. Dink aan *sieklik* en *siekerig* wat albei dieselfde stam (naamlik *siek*) het, maar waaraan verskillende agtervoegsels (naamlik *-lik* en *-erig*) gevoeg is.

Woorde, soos paronieme, wat dieselfde stam het, klink daarom vir taalgebruikers dieselfde, en daarom word hulle maklik verwar.

Lees ook die volgende voorbeelde waar dieselfde stam elke keer onderstreep is:

kind:

- *Ons is kinderlik opgewonde oor die geleentheid.* ("n gunstige eienskap soos dié van 'n kind')
- *Jy is besig om kinderagtig op te tree.* ("n slegte eienskap wanneer 'n volwassene hom/haar soos 'n kind gedra')
- *Oupa Johannes het darem seker nie voorsien dat Oumie kinds sal raak voordat sy doodgaan nie.* ('meestal weens hoë ouderdom dinge nie meer goed verstaan en onthou nie')

oordeel:

- *Party mense word deur die samelewing veroordeel.* ('sterk afgekeur')
- *Elke kunswerk is individueel beoordeel.* ("n oordeel gee/uitspreek')



Doeblette



Die term “doeblet” word gebruik as die naam vir ’n groep van twee of meer woorde wat **dieselfde oorsprong** het, maar met die verloop van tyd in vorm, betekenis en partykeer ook gevoelswaarde begin verskil het.

So kry ons die Spaanse woord *tabaco* met die betekenis “n rolletjie tabakblare” (opgeteken in 1552) of “n pyp spesifiek vir die rook van tabak; (opgeteken in 1535). Hierdie woord verdeel (splits of splyt) in tweelingwoorde/doeblette, naamlik die Afrikaanse *tabak* (‘gedroogde blare van die tabakplant’) en *twak* (‘tabak; vent; bog’). Hulle is tweelingwoorde of doeblette, want hulle het dieselfde oorsprong.



So ook het uit die Nederlandse *bodem* die Afrikaanse *bodem* (‘onderste deel/oppervlak van iets, byvoorbeeld die bodem van die see’) en *boom* (‘die plat, onderste deel van ’n houer, soos ’n emmer’) ontwikkel.

’n Bykomende voorbeeld is dat uit die Latynse *vallis* (‘vallei’) die woord *vallei* (‘n lae gebied tussen twee heuwels/berge, dikwels met ’n rivier wat daardeur vloei’) ontwikkel het. Omdat ’n vlei in ’n vallei voorkom, het *vlei* (‘n nat, moerasagtige laagte’) weer uit *vallei* ontwikkel, maar steeds het albei die knooppunt met die Latynse *vallis*.

Die rede waarom ons doeblette moet leer, is om skryffoute wat tot betekenisverwarring lei, uit te skakel.



Bykomende leeswerk

Anker, J., Coetzee, G., Helm, C., Klopper, A., Verhoef, G.M. & Van Heerden, C. 1986. *Afrikaans vir vandag: Standerd 8 Eerste Taal*. Kaapstad: Juta en Kie.

Bosman, N. & Pienaar, M. Afrikaanse semantiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N., reds. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik. pp. 299-328.

Carstens, W.A.M. 2018. *Norme vir Afrikaans: Moderne Standaardafrikaans*. 6de uitg. Pretoria: Van Schaik.

De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Oxford University Press.

Faasen, N. 2018. *Pharos Afrikaansgids: Naslaanlyste en taalreëls*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Luther, J. 2023. Beeldstemmer en bot dans 'n kreatiewe duet.
<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/jana-luther-beeldstemmer-en-bot-dans-n-kreatiewe-duet-20230728>
Datum van gebruik: 10 Desember 2023.

Van der Walt, C.P., Van Aardt, C.P. & Eksteen, L.C. 1969. *Taalkunde vir die middelbare skool*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Jaarsveld, G.J. 1985. *Semantiek*. Pretoria: Academica.